

22 September

Skrifgedeelte: Jeremia 14

Fokusgedeelte: Jeremia 14:7, 9, 20, 21

Jeremia se gebed

Dit is vir nie een van ons maklik nie – om te erken dat ons verkeerd was, om ons sonde teenoor die Here te bely. Soms loop ons vir dae lank met die ongemaklike gevoel in ons binneste. Jy weet jy moet nog met die Here praat oor dit wat jy verkeerd gedoen of gesê het, maar jy stel maar weer uit, en die onvrede bly diep in jou hart vassteek.

In Jeremia 14 beskryf die profeet 'n verskriklike droogte. Mens en dier kry swaar vanweë 'n gebrek aan water. Dan kom die profeet in ons fokusverse en bely namens homself en die volk hulle sondes teenoor die Here. Hy erken in sy gebed hulle skuld, dat hulle van die Here af weggedraai het, dat hulle opstandig was, dat hulle teen die Here gesondig het. Tog wil die Here nie na hom luister nie, want die volk was verhard in hulle sonde en hulle onbekeerlikheid, hulle offerdiens aan afgode en ongehoorsaamheid (vgl. Jer. 11:7, 8, 13, 14).

Die Here verwag van ons om ons eie skuld vol opregtheid, nederigheid en eerlikheid voor Hom te bely. Vandag is nog 'n geleentheid vir jou en my om dit te doen. Om voor die Here te erken dat ons nie die pad gevolg het waarop Hy wou hê ons moet gaan nie. Om voor Hom ons opstandigheid te bely, ons besluite en optrede, woorde, dade en gesindhede waarin ons net ons eie sondige begeertes en gevoelens gevolg het en Hom nie gehoorsaam het nie.

Wanneer ons die Here so opsoek, sal ons die heerlike vrug daarvan beleef. Wonderlike vrede en vreugde in ons harte. God sal immers 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie (Ps. 51:19). Hy is getrou aan sy beloftes, Hy vergewe die sondes van dié wat dit in opregtheid bely. Hy doen dit vanweë die liefdeswerk van sy eie sondelose Seun wat in ons plek die straf vir ons sonde gedra het. Moet dus jou skuldbelydenis nie langer uitstel nie.

Sing: Psalm 32:2, 3 (Totius)

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)